kuns

jeanne calitz

Die vorm van vrouwees

Die keramiekkunstenaar Tania Babb se uitstalling *Courtesans, Coo-Coo Clocks, Dancers & Angels* is tans in die art.b-galery in Bellville te sien.

Tania Babb lag lekker, diep en gereeld. Kyk 'n mens na haar ondeunde kunswerke, kom hierdie oorrompelende sin vir humor sterk deur.

Van altyd af was dit die kunste wat haar getrek het. In haar standerd 8-jaar het sy met keramiekklesse begin en vinnig haar hart verloor. "Dit was 'n onmiddellike aantrekking," vertel sy.

Vandag, talle uitstallings later, spog sy met haar eie winkel en 'n nuwe uitstalling in die art.b-galery in Bellville getiteld *Courtesans, Coo-Coo Clocks, Dancers & Angels*.

Die oorwegende tema en gevoel van dié versameling beskryf sy as *joie de vivre*. "Niks neerdrukkends nie," benadruk sy.

Behalwe die beelde van die "bevryde" vroue met geil heupe waarvoor sy so bekend geword het, het sy ook haar hand aan die skilderdoek gewaag.

" 'n Eksperiment met kleur en tekstuur," kom die opsomming. Die skilderdoek word geskep met 'n ruimte, amper 'n soort kassie, waarin 'n keramiekbeeld uitgestal word. Die res van die kunswerk groei dan daaruit en kry tekstuur met behulp van die jels en verf wat sy aanwend. "Dit is dus 'n kombinasie van beeldhouwerk en skilderkuns, maar steeds tweedimensioneel."

Aan inspirasie het sy geen tekort nie; sy vind dit meestal by vroue en "die krag van vroulikheid".

"Ek het met 'n baie patriargale pa grootgeword; miskien is dit die rede hoekom ek vroue vier."

Voorts kyk sy na dinge soos vorm en kleur, en veral wat sy die "nuanses van die gebaar" noem. "Kyk na mense se verhoudings met mekaar en met hul troeteldiere, en soms kan jy sien hoe daardie hele verhouding in 'n enkele gebaar vasgevang word."

Wanneer sy nie met haar eie werk besig is nie, gee sy klas vir kinders van tussen vyf en twaalf jaar oud. "Maar soms is dit ek wat iets leer," voeg sy by.

> **"Ek het met 'n baie patriargale pa grootgeword; miskien is dit die rede hoekom ek vroue vier."**

"Kinders het so 'n vars benadering. Dit is wonderlik om te sien hoe hulle die klei eenvoudig aanval, sonder enige voorbehoud. Dis heerlik om te sien hoe daardie kreatiewe proses hulle beetkry, en om te kyk na die anderse manier waarop hulle dinge interpreteer."

Vir Babb self is dit ook nie vreemd om dinge op haar eie manier te doen nie. Sy werk meestal met porseleinklei, maar beslis nie op die "tradisionele manier", wat die eindresultaat meestal ragfyn, amper deursigtig, maak nie.

"Ek is meer 'n kunstenaar as 'n pottebakker, hoewel ek lid van die Potterbakkersvereniging van Suid-Afrika is en baie respek vir my kollegas het. Maar pottebakkery het baie spesifieke reëls, en ek dink ek het omtrent al daardie reëls gebreek.

"Vir my gaan dit meer oor wat ek wil uitdruk, as die proses. Ek sal dink: Ek wil dit of dát uitdruk, hoe kan ek dit doen? Ek is meer geïnteresseerd in die eindresultaat as in die proses. Ek kan nooit 'n resep volg nie – ek wil altyd ander, nuwe goed bygooi." Dit het waarskynlik iets te doen met die feit dat sy in 'n kunsskool was, en 'n liefde vir die menslike lyf koester.

Tania Babb in haar winkel in Wynberg. Foto: NEIL BAYNES

Die winkel wat sy onlangs in Wolfstraat in Wynberg, reg langs die Maynardville-buitelugteater, oopgemaak het, beskryf sy as 'n "waterskeiding-oomblik" in haar loopbaan. Dit is moeilik om goed geld te maak met keramiekware, aangesien dit só 'n tydsame en arbeidsintensiewe proses is.

En boonop is daar altyd die gevaar en teleurstelling wat wag wanneer sy "ure aan 'n stuk bestee, en dan breek dit as dit uit die oond kom, dit breek my hart".

Dus het sy die afgelope ruk twee vroue, Ahkona en Lindiwe, aangestel om haar te help. Sy gee hulle die ontwerp, hulle sit die rou beeld basies aanmekaar en dan neem sy dit verder met die verf, en so meer.

Dié stelsel laat haar toe om haar volumes te vergroot, maar terselfdertyd daardie persoonlike aanraking te behou, aangesien elke stuk steeds deur haar hande gaan, iets wat verlore sou gaan as sy byvoorbeeld sou oorweeg om 'n fabriek oop te maak en produkte op massaskaal te skep. Sy is realisties oor die sukses van haar werk. "Dit is nie asof ek oornag 'n selfbehoudende kunstenaar geword het nie." Daar was moeilike tye ook en sy moes ander dinge doen om haar loopbaan te ondersteun.

Tog hou sy voet by stuk: " 'n Mens móét doen waarvoor jy lief is. Ek dink hulle behoort 'n vak daaroor aan te bied op skool.

"Jy bestee waarskynlik agt uur van jou dag en meer aan jou werk – jy kan net sowel sorg dat dit iets is waarvan jy hou. Dit voeg net só 'n ander dimensie by jou lewe."

■ **Vir meer besonderhede, besoek gerus www. taniababb.co.za.**